higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N410**(A)**(N19)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

OPVOEDING N4

(7080094)

19 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
ONDERWYS N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1-1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Moreel normatiewe ontwikkeling verwys daarna om te weet wat die regte ding is om te doen.

1.2 Wanneer mens groot spiere gebruik is dit fyn motoriese beweging.

1.3 Emosionele ontwikkeling sluit verskillende gevoelens in.

1.4 Selfbeeld is die prentjie wat jy van jouself het.

1.5 Pavlov is die vader van operante kondisionering.

1.6 Probleme tydens geboorte kan intellektuele gestremdheid veroorsaak.

1.7 Kinders wat begaafd is, het 'n bogemiddelde IK van 130+.

1.8 Spontane herstel is nie moontlik in klassieke kondisionering nie.

1.9 Skinner het 'n rot gebruik in sy eksperiment tydens operante kondisionering.

1.10 Kinders met AABH ('ADD') ondervind probleme om aandag te gee.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Kies 'n item/woord/beskrywing uit KOLOM B wat pas by 'n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1	Kognitiewe	A	kognitiewe/insig-leer
2.2	Esteties	B	meer as normale fisiese beweging
2.3	Vereiste van kennis	C	intellektueel
2.4	Kohler	D	om 'n kind te kan verstaan
2.5	Onvoorwaardelike liefde	E	waardeer mooi dinge in die lewe
2.6	Hiepraktiefe	F	sonder enige voorbehoud
2.7	Chronologiese ouderdom	G	jy is 21 jaar oud
2.8	Geheue	H	behoud van inligting
2.9	Inligting kom van die sintuie	I	sensories
2.10	Aanwenning	J	reageer nie op ‘n onbelangrike stimulus nie

(10 × 2) **[20]**

VRAAG 3

Verskillende opsies word gegee as moontlike antwoorde op die volgende vrae. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.1-3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.1 Die term *koördinasie* verwys na ...

A gedrag wat gevorm word.
B die samewerking van die sintuie en die spiere.
C genetiese toestande/
D om insig in 'n probleem te hê.

3.2 Sensories-motoriese ontwikkeling sluit ook ... in.

A die ontwikkeling van die vermoë om te beweeg
B om reg van verkeerd te kan onderskei
C kommunikasie
D verhouding met ander mense

3.3 Wanneer mens kreatief is, is jy in staat om ...

A logies te dink.
B iets nuuts en oorspronkliks te maak.
C ander in nood te help.
D goeie verhoudings te bou.

3.4 Oorerwing beïnvloed jou ...

A Selfbeeld is die prentjie wat jy van jouself het.
B konsentrasiespan
C jou intellektuele vermoë
D geslag

3.5 Objekpermanensie ('object permanence') in die sielkunde verwy na die volgende:

A Alhoewel jy nie 'n objek kan sien nie, bestaan dit nogtans.
B jy dink dat almal die wêreld vanuit jou standpunt moet beskou.
C dat taal deur nabootsing geleer word.
D Dat die volume van die objek dieselfde bly alhoewel die vorm verander.

3.6 Die studie van 'n kind met al elf aspekte van ontwikkeling word genoem ...

A intrinsieke motivering
B eksterne faktore
C breinkartering ('mind mapping')
D die totalekindbenadering

Kopiereg voorbehou

3.7 'n Intellektueel gestremde kind ...

A is intellektueel slimmer
B kan worstel om in hoofstroomonderwys by te hou
C kan nie stilsit wanneer dit vereis word nie.
D kan nie verhoudings met ander bou nie.

3.8 Langtermyngeheue verwys na die proses waarvolgens ...

A inligting vir 'n kort tydperk gehou word.
B inligting van die sintuie geprosesseer word.
C inligting vir 'n leeftyd gestoor word.
D nuwe inligting by reeds bestaande inligting gevoeg word.

3.9 Die term *metakognisie* verwys na ...

A die linker- en regterkant van die brein.
B om insig in 'n probleem te hê.
C om gewoon te raak aan 'n stimulus.
D die kennis van ons eie kognitiewe prosesse.

3.10 Ekstrinsieke motivering kan kom van ...

A interne faktore
B oorerwing
C jou omgewing
D binne jouself

(10 × 2) **[20]**

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 Dit is belangrik om te weet hoe kinders leer. Identifiseer die volgende navorsers in die genoemde leerteorieë.

Pavlov; Skinner; Piaget; Tolman; Bandura

4.1.1 Kinders leer deur aktief by hul omgewing betrokke te wees.

4.1.2 Kinders leer deur gedrag in 'n sosiale omgewing waar te neem.

4.1.3 Kinders leer deur belonings te ontvang wanneer hulle die vereiste gedrag verrig.

4.1.4 Daar is eers 'n stimilus/prikkel en dan 'n reaksie in hierdie leerproses.

4.1.5 Kinders leer deur insig in 'n probleem

(5 × 2) (10)

4.2 Identifiseer die tipe geheue in die volgende stellings:

4.2.1 Die vyf sintuie is betrokke.

4.2.2 Die inligting wat jy aktief in gedagte het.

4.2.3 'n Enorme hoeveelheid inligting kan gestoor word.

(3 × 2) (6)

4.3 Hiperaktiewe kinders is meer aktief as normaal.

4.3.1 Noem VYF riglyne om 'n hiperaktiewe kind in 'n klaskamer te help identifiseer.

4.3.2 Bespreek die rol van die opvoeder om hierdie kind in die klaskamer te help.

(2 × 5) (10)

4.4 Die ontwikkeling van 'n goeie opvoedkundige verhouding is belangrik. Verduidelik kortliks en bespreek die volgende elemente in so 'n verhouding.

4.4.1 Die verhouding van ken en verstaan

4.4.2 Die verhouding van gesag

4.4.3 Die verhouding van vertroue

(3 × 3) (9)

Kopiereg voorbehou

4.5 Verskeie faktore kan veroorsaak dat kinders leerprobleme het. Verduidelik hoe die volgende normale leer by kinders kan verhinder.

4.5.1 Die kind is chronies siek.

4.5.2 Die opvoeder is baie streng.

4.5.3 Die kind word nie in sy/haar huistaal onderrig nie.

4.5.4 Daar is geen onderwyser beskikbaar om die vak te onderrig nie.

4.5.5 Die klaskamer is te vol.

(5 × 2) (10)

4.6 Verduidelik die volgende terminologie van die totalekindbenadering ('whole child approach').

4.6.1 Esteties

4.6.2 Godsdienstig

4.6.3 Fisies

4.6.4 Grootspierbeweging

4.6.5 Koördinasie

(5 × 1) (5)
[50]

VRAAG 5

5.1 Volgens Piaget leer kinders hoofsaaklik deur twee basiese prosesse.

Verduidelik die volgende twee prosesse:

5.1.1 Assimilasie

5.1.2 Akkommodasie/Aanpassing ('Accommodation')

(2 × 2) (4)

5.2 Die volgende begrippe is deel van die Piaget-teorie van leer. Verduidelik die begrippe:

5.2.1 Egosentries

5.2.2 Behoud/Bewaring ('Conservation')

5.2.3 Sensoriese motorperiode

(3 × 2) (6)

Kopiereg voorbehou

5.3 Sophia laat haar kinders in die klas toe om met blokkies te speel. Sy identifiseer die verskillende vorms en groottes van die blokkies. Sy moedig hulle aan om die blokkies te deel en torings met die blokkies te bou. Sy maak reëls om seker te maak dat die spelery glad verloop. Sy prys hulle wanneer hulle 'n stewige toring bou.

Identifiseer waar in hierdie feitestel die volgende VYF aspekte van die totalekindbenadering ontwikkel word.

5.3.1 Selfbeeld

5.3.2 Fyn motoriese beweging

5.3.3 Moreel normatiewe

5.3.4 Sosiaal

5.3.5 Kognitiewe

(5 × 2) (10)

5.4 Daar is spesialiste en terapeute wat kan help om probleme te behandel wat kinders ondervind. Identifiseer die deskundige wat die volgende kan behandel.

maatskaplike werker; psigiater; oogkundige; pediater; fisioterapeut

5.4.1 Behandeling van sportbeserings

5.4.2 Kan probleme identifiseer en na spesialiste verwys

5.4.3 Werk hoofsaaklik met babas en jong kinders

5.4.4 Help met emosionele probleme en skryf medikasie voor

5.4.5 Toets gesigsvermoë

(5 × 1) (5)

5.5 Daar is VIER verskillende kategorieë wat bepaal word deur hul IK-telling van intelektueel gestremde mense.

Noem TWEE eienskappe van mense in elkeen van die volgende kategorieë:

5.5.1 Ligte ('Mild')verstandelik gestremd

5.5.2 Matige ('moderate') verstandelik gestremd

5.5.3 Swaar ('severe') verstandelik gestremd

5.5.4 Uiterste ('profound') verstandelik gestremd

(4 × 2) (8)

Kopiereg voorbehou

5.6 Emosionele ontwikkeling is daarvan afhanklik dat DRIE elemente teenwoordig moet wees.

5.6.1 Noem die elemente. (3 × 1) (3)

5.6.2 Verduidelik hoe die opvoeder elkeen van bogenoemde in haar klaskamer kan bevorder. (3 × 2) (6)

5.7 Noem VIER sosiale vaardighede wat kinders moet ken om sosiale ontwikkeling te vorm.

(4 × 1) (4)

5.8 Identifiseer die volgende scenario's deur 'n woord/term vir die beskrywing te gee:

5.8.1 Dit lyk of die kind lui en teësinnig is om te beweeg.

5.8.2 Die kind is in 'n skool met groot klasse en swakgehalte-onderwysers.

(2 × 2) (4)

[50]

VRAAG 6

6.1 Kognitiewe ontwikkeling word beïnvloed deur sekere faktore soos: oorerwing; kultuur en godsdiens; geslag; motivering en omgewing. Identifiseer die volgende faktore.

6.1.1 Daar is boeke en opvoedkundige speelgoed om die kind te stimuleer.

6.1.2 Daar is 'n geskiedenis van AABH ('ADD') in die gesin.

6.1.3 Daar is goeie skole wat die kind kan bywoon.

6.1.4 Die kind word aangemoedig deur onderwysers en ouers.

6.1.5 Vroue is hoofsaaklik daarvoor verantwoordelik om kinders groot te maak.

(5 × 1) (5)

6.2 Noem TWEE praktiese aktiwiteite wat jy kan in die daaglikse program kan gebruik om die volgende aspekte te ontwikkel:

6.2.1 Estetika
6.2.2 Moreel normatiewe
6.2.3 Fyn motoriese beweging
6.2.4 Taal
6.2.5 Seksueel

(5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

6.3 Daar is twee tipes motivering. Identifiseer die tipe waarna die volgende stellings verwys:

6.3.1 Sing omdat jy lief is om te sing

6.3.2 Sterrekaart

6.3.3 Spesiale bonus

6.3.4 Om pret te hê

6.3.5 Lof van die onderwyser

(5 × 2) (10)

6.4 Noem VYF tekens van moontlike leergestremdhede. (5 × 1) (5)

6.5 Breinkaarte word gebruik om kinders te help om inligting op te som.

6.5.1 Noem VIER redes waarom jy 'n breinkaart moet gebruik. (4 × 1) (4)

6.5.2 Teken 'n breinkaart en dui die verskillende tipes vervoer aan. (6 × 1) (6)

6.6 Bespreek die volgende faktore wat tot opvoedkundige ontneming/deprivasie kan lei:

Noem en verduidelik TWEE feite onder elkeen van die onderwerpe:

6.6.1 Gebrek aan opvoedkundige fasiliteite

6.6.2 Probleme by die huis

(2 × 4) (8)

6.7 Verduidelik die term *disleksie*. (2 × 1) (2)

[50]

TOTAAL AFDELING A: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou